

RUIMTE & SEE

VOORPORTAAL



Argitek John Fraser Frame-Tolmie en sy span het 'n eenvoudige, oninspirerende huis in die Kaapse Waterfront in 'n moderne, eklektiese en besondere vakansiehuis omskep

Saamgestel deur CORNÉL DUNN. Foto's deur MATTHEW VAN NIEKERK

ARGITEK: JOHN FRASER FRAME-TOLMIE. KONTRAKTEUR: NEILL MARSILIO
BINNEHUISVERSIERDER: WESLEY BUTLER



STOEP



EETKAMER



WOONKAMER



KOMBUIS



BADKAMER

HOOFSLAAPKAMER



VOORPORTAAL

Die **staalkonsoletafel** is op aanvraag vervaardig. Die eklektiese voorkoms is met 'n paar klassieke stukke versterk, soos die **kapteinstoel** en **antieke lessenaar** wat onmiddellik die oog trek. Die **kombuistoonbank** skep 'n skeidslyn wat help om van hierdie ruimte 'n volwaardige ingangsportaal te maak.

STOEP

Die **unieke spieël** weerkaats die buite-area en bring die omgewing na binne.

WOONKAMER

Ryk getekstureerde **linne**, **leer**, kleurvolle **fluweel** en **baldadige ontwerpe**. Hier is **koper**, poeierbedekte **staal**, **going**, uitgesoekte **Marokkaanse matte**, **hout** en **pienk marmer** mildelik gebruik. Die **bank**, wat op aanvraag vervaardig is, is ook 'n **uittrek-dubbelbed** wat bêreplek vir ekstra linne bied. Die swart poeierbedekte **staal-en-glasrakke** huisves die eienaar se private kunsversameling.

EETKAMER

Die **eetkamertafel** met sy eikehoutblad is op aanvraag vervaardig en die **eetkamerstoele** is ingevoer. Die besondere **kroonkandelaar** is 'n dramatiese fokuspunt, en 'n ruim versameling **keramiek** rond die prentjie perfek af.

KOMBUIS

'n Wit satynafwerking en soomlose **Coriantoonbanke** is in die kombuis gebruik. Die rand van die **ontbytoonbank** is met gevlamde **marmer** afgewerk. Alle **toebehore** is ingebou en die kombuis het 'n **uittrekkragbank** wat ekstra kragpunte netjies versteek.

BADKAMER

Die kliënt wou 'n skoon, moderne en minimalistiese ruimte met baie pakplek hê. Hulle het aan die versoek voldoen deur **keramiekteëls** en 'n ligte **eikehoutvloerbedekking** saam met **Corianwasbakke** en gepoleerde **chromkrane** te gebruik. Die **wasbakke** en **toilet** word met **LED-ligte** belig.

HOOFSLAAPKAMER

Die **kopstuk** is die dramatiese element in hierdie vertrek. Moderne **wit kanttafeltjies** en **bedlampe** skep 'n elegante kontras. **Rolblindings** en sagte **gordyne** hou die son soggens uit sou daar 'n bietjie laat geslaap wou word. Ook hier is 'n ligte **eikehoutvloer** ingesit.

GASTEBADKAMER

Die **vloer** en **fokusmuur** is met uitgesoekte **Marokkaanse teëls** bedek, wat 'n unieke voorkoms verseker. **Geborselde koper** en die **besondere spieël** sit die kersie op die koek.



GASTEBADKAMER